100
1903 2003

LAERSKOOL WARMBAD

Geagte Ouer,

AANSOEK OM TOELATING VIR 2018 (Gr. R):

Aansoekvorms word vanaf **Dinsdag, 02/05/2017** uitgegee.
Die sluitingsdatum vir die inhandiging van aansoekvorms is **Donderdag, 15/06/2017 (voor 13:00)**.

Tydens die inhandiging van die aansoekvorm, **moet** die aansoekregister onderteken word.
Aansoekvorms kan slegs by Laerskool Warmbad ingehandig word, en nie by Bosveldspruitjies nie.

U sal per sms in kennis gestel word of u aansoek suksesvol is of nie, waarna u 'n brief by die Laerskool se kantoor **moet** kom afhaal.

GEWAARMERKTE afskrifte van die volgende dokumentasie moet u aansoekvorm vergesel.
Geen vorm sal in ontvangs geneem word indien enige van die onderstaande dokumentasie ontbreek nie. Geen afskrifte sal by die kantoor gemaak word nie.

- Geboortesertifikaart van leerder (indien die leerder nie oor 'n SA ID nommer beskik nie, benodig ons die leerder paspoort);
- ID foto van leerder;
- Immuniseringskaart van leerder;
- ID dokumente van beide biologiese ouers/wettige voogde (ook van toepassing op geskeide ouers);
- Pleegsorg dokumente indien van toepassing;
- Bewys van adres (nie ouer as 2 maande). Ouer se voorletters en van moet daarop verskyn. Slegs munisipale rekening (nie brief) / bankstaat / amptelike huurinstansie brief sal aanvaar word.

Indien u nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie, benodig ons ook **GEWAARMERKTE afskrifte** van die volgende dokumentasie:

- Paspoort;
- Studie / werkspermit;
- Tydelike of Permanente verblyfpermit van die SA Departement van Binnelandse Sake;
- Bewys dat u aansoek gedoen het vir toestemming om in SA woonagtig te wees

Voorlopige Skoolfonds vir 2018:
R1060.00 registrasie fooi (dit vorm deel van die jaarlikse skoolfooi).
R1060.00 maandeliks betaalbaar voor/op die 7de van elke maand tot Nov. 2018.

Vriendelike groete

Mnr. HF Coetzee
Hoof

Die skool waar leerders die geleentheid gebied word om die wêreld te stig!
The school where learners are given the opportunity to create the world!

Moffatstraat / Moffat Street 80
Privaatsak / Private Bag X1630
BELA BELA
0480

Telefoon / Telephone: (014) 7362228/9
Faks / Fax: (014) 7365375
E-Pos / E-Mail: lsw@tritronix.co.za
Web: www.laerskoolwarmbad.co.za